29 September 2021

NUUSBRIEF 10/2021

Geagte Ouers

Neem asseblief kennis van die volgende belangrike sake:

1. SKOOLFONDS 2022

Tydens 'n Ouervergadering wat gehou is op Dinsdag, 28 September 2021 is die skoolgeld vir 2022 soos volg vasgestel:

Graad R – 7: R15 500 per leerling (R1 550 x 10 maande – Januarie tot Oktober)

2. HERREGISTRASIE EN HERREGISTRASIEGELD

Die sperdatum vir herregistrasie van leerlinge vir 2022 was reeds 3 September 2021. Indien u nagelaat het om te herregistreer, wil ons u vriendelik versoek om dit dringend te doen aangesien daar heelwat nuwe leerlinge op waglyste is wat wag om geplaas te word.

Die eerste paaiement van 2022 se skoolgeld is voor 30 November 2021 betaalbaar en dit beloop R1 550. Indien u 'n debietorder van Northam Platinum myn of Amandelbultmyn onderteken het, gaan u nie nou hierdie eerste paaiement betaal nie. In die debietorder teken u reeds vir al 10 maande se aftrekkings.

3. KASKARDAG: 22 OKTOBER 2021

Ons jaarlikse Kaskardag, waarna die leerders geweldig baie uitsien, vind op Vrydag, 22 Oktober 2021 plaas. Byvoorbaat dankie dat u on sook hiermee gaan ondersteun. Die fondse wat tydens hierdie projek geïn word sal aangewend word ten bate van ons skoolfonds. 'n Aparte skrywe hieroor – met meer inligting – volg binnekort.

4. GRAAD 3 ENTREPRENEURSDAG: 29 OKTOBER 2021

Die Graad 3-leerders se jaarlikse Entrepreneursdag vind plaas op Vrydag, 29 Oktober 2021. Die Graad 3-leerders ontvang 'n aparte skrywe met alle relevante inligting.

5. EKSAMEN: 17 NOVEMBER 2021 – 3 DESEMBER 2021

Voorlopige datums vir die eindeksamen vir Graad 4 – 7 leerders is 17 November 2021 – 3 Desember 2021. Aangesien ons nog geen datums vanaf die Onderwysdepartement ontvang het nie, kan dit heel waarskynlik weer verander.

Die werksafbakening vir elke vak en die eksamenrooster sal 2 weke voor die aanvang van die eksamen aan elke ouerhuis beskikbaar gestel word. Kyk gerus na ons skool se Google-kalender waar die nuutste datums daagliks bygehou word.

Neem asseblief kennis dat geen vraestelle buite die geskeduleerde tye geskryf kan word nie. Dit is uiters belangrik om goed voor te berei vir hierdie eksamen aangesien dit 'n groot gedeelte van u kind se finale bevorderingspunt verteenwoordig.

Baie sterkte vir die laaste gedeelte van hierdie kwartaal en dankie vir u volgehoue ondersteuning.

Groete

_____

Mnr J L M Venter
HOOF